Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

25 Julie 2025 Uitgawe: 10/3/2025

# UIT DIE KANTOOR

Welkom terug aan al ons Tjokkie-leerders en -ouers na 'n lekker wintervakansie. Ek hoop van harte dat almal weer uitgerus is en kan uitsien na die nuwe kwartaal wat voorlê.

Die koue het my net weereens laat besef dat Bloemfontein werklik 'n plek van uiterstes is. Lekker warm in die somer en bitter koud in die winter. Dit beproef werklik 'n mens se klerekas.

Ons Gr. 6-leerders vertrek volgende week op Buitelugskool te Moolmanshoek. Ons wens hul 'n baie aangename tydjie toe en vertrou dat hulle dit baie sal geniet. Onthou om genoeg warm klere in te pak. Vir enige navrae, kontak gerus vir mnr. Antonie Botha.

Hierdie is ons hokkie-kwartaal waar meer as 540 spelers betrokke is. Gewoonlik 'n uitdagende kwartaal wat betref oefenspasie en vervoer. Dit raak soms 'n logistieke nagmerrie om alles te hanteer en daarom vra ek asb. u geduld. Met die nuwe veld by die skool behoort daar genoeg oefenspasie te wees, sodat ons nie meer so baie hoef rond te ry vir oefeninge nie. Wedstryddae is egter nog 'n uitdaging. Die skool doen sy bes om ekstra busse te huur vir hierdie tyd, aangesien ons te min van ons eie bussies het om almal betyds by hul wedstryde uit te bring. Daarom vra ons ouers om asb. te reageer op enige kommunikasie vanaf die koördineerders.

**Kwartaalverslae:**

Die leerders (gr. 4-7) ontvang vandag hul rapporte. Let asb. daarop dat die tweede kwartaal se punte 'n samestelling van assesserings en opdragte is, asook die Junie eksamen wat volgens sekere gewigte verwerk is.

**Ouerаand:**

Die oueraand van hierdie kwartaal vind op Dinsdag, 5 Augustus plaas. Kontak asb. die kantoor om 'n tydgleuf by u kind se klas-/vakonderwyser te bespreek indien u behoefte het.

**Kultuuraktiwiteite:**
Ons skool se kultuuraktiwiteite bereik hierdie kwartaal hul hoogtepunt. Daar is Revue-feeste, Pom-pom optredes en optredes vir beide ons junior en senior kore. Ons skool bied ook vanjaar 'n koorfees aan op 19 Augustus.


Die Voortrekkers het ook 'n propvol program. Hou gerus die kalender dop. Die hoogtepunt vir die kwartaal is verseker die melodrama wat aangebied word deur Tjokkies se eie personeel. Dit vind plaas vanaf 30 September tot 2 Oktober en beloof om hope pret te wees.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 25 Jul: | Leerders ontvang rapporte |
| | Netbal: SA skole |
| 26 Jul: | Netbal: SA skole |
| | Eunice P/S Hokkiedag |
| 28 Jul: | Tennisliga |
| 29 Jul – 1 Aug: | Gr. 6 Buitelugskool (Moolmanshoek) |
| 29 Jul: | Voortrekker Kommandobestuursvergadering |
| 30 Jul: | Tennisliga |
| 31 Jul: | Hokkieliga @ Willem Postma |

# VERJAARSDAE

Geen



# ANDER

**Personeelsake:**

Ons verwelkom graag die volgende nuwe personeellede wat hulle hierdie kwartaal by die Tjokkie-familie aansluit:

- Mnr. Riaan Bosch – Direkteur van sport
- Mnr. Johan Visser – Gr. 4 en 5 Sosiale Wetenskappe
- Me. Sue-Ann Kruger – Gr. 2
- Mev. Alettha van der Bijl – Gr. 3 (aflospos vir juffrou Ilne Erasmus wat op kraamverlof is)

Ons hoop julle voel vinnig welkom en deel van ons wonderlike span en dat julle sommer gou julle voete sal vind hier in ons gemeenskap.

Dan sê ons ook baie geluk aan juf. Ilne Erasmus en haar man met die geboorte van hul nuwe babaseuntjie!

# HOKKIE

Alle inligting rakende die hokkie word op die hokkie-groepe geplaas.  Indien u nog nie op ‘n hokkie-groep is nie, maak asb. seker – die skakel hiervoor was op die klasgroepe geplaas.

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

LEVITIKUS 9:24 NLV
[24] Vuur wat van die Here gekom het, het die brandoffer en die vet op die altaar verteer. Toe die volk al die dinge sien, was daar uitroepe van vreugde en het hulle op die grond neergeval.

In Levitikus 9 lees ons dat Moses aan Aaron en sy seuns opdrag gegee het om offers aan die Here te bring, want dit was die Here se behoefte om aan die volk te verskyn (vers 4).

Na die offers het "die glorieryke teenwoordigheid van die Here vir die hele gemeenskap sigbaar geword" (vers 23).

Mag ons hierdie kwartaal **vuur en vlam** ons offers (getroue gebede) na die Here bring en sien hoe Sy krag en vuur (Heilige Gees) wonderwerke en Sy teenwoordigheid in ons lewens bring. Mag ons dan net soos die volk vol geloof en vreugde wees!

JAKOBUS 5:16 AFR53
[16] Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. **Die vurige gebed van ‘n regverdige het groot krag.**




ATON
WEALTH NAVIGATION
Authorised Financial Services Provider. FSP # 48449

T +27 51 430 0302
C +27 82 903 4582
E horace@atonwealth.com

Specialised Investment Services